F.J. Labuschagne

Hennopspark Laerskool ouer

Centurion

## Die skool van die toekoms

Dit is heerlik om te droom oor die skool van die toekoms en om vandag al te begin bou aan `n stewige grondslag. Dit is heeltemal onnodig om pessimisties te wees. Die toekoms wink!

Tegnologiese vordering laat lyk die toekomstige skool soos `n plek vir robotte. Leerlinge baljaar met selfone, tablette of rekenaars en outomatisasie is aan die orde van die dag. Ons slim kinders en goeie onderwysers hou daarvan en geniet die geleenthede en nuwe moontlikhede. Inligting is aanlyn beskikbaar en videos word mildelik gebruik tydens die opvoedingsproses. Onderwysers benut moderne kommunikasie middele en tegnieke met groter vaardighede. Vindingryke, vriendelike emotikons begroet elke leerling wat mooi presteer of aanmoediging benodig.

Met deeglike beplanning word die boustene van `n goeie kurrikulum ontwikkel. Vakke soos tale, wiskunde, tegnologie en wetenskap is belangrik en stewige pilare waarop `n loopbaan gebou kan word. Die behoeftes van leerlinge word gebruik om die inhoud van vakke relevant en aktueel te hou. Die leerproses is gerig op kennis en vaardighede wat vereis word in die werksplek en daarom fokus leerlinge op toepaslike loopbane wat hulle inspireer. Die poel van talente wil diens lewer.

Elke kind is `n bron van potensiaal en energie wat ontgin en benut word. Die onderwysers van die toekoms verstaan leerlinge en bestuur die leerproses met kragtige hulpmiddele tot hulle beskikking. Sosiale media word gebruik en nuwe toepassings word ontwikkel om `n gesonde leeromgewing te skep waaraan leerlinge entoesiaties deelneem.

Die uitdagings is veelvuldig maar vooruitgang vind plaas op alle gebiede. Onderwysers, ouers en leerlinge vorm `n sterk venootskap; `n gedugte span wat saam beplan, doelwitte stel en probleme oplos. Die toekomstige skool is die grootste prioriteit in die land en onderwysers word met die hoogste respek behandel. Kwaliteit onderig en opvoeding vir alle kinders is in nasionale belang.

Skoolgeboue is miskien tans oud en verinneweer, maar kan in die toekoms vervang of verbeter word. Goeie argitekte sal met gesofistikeerde teken programme die mooiste en beste geboue vir ons kinders ontwerp. Anders as op Mars het die aarde genoeg suurstof om lekker oop ruimtes te skep waar ons sonder maskers die Covid kieme lekker kan systap. Waarom nou in `n toe gebou sonder ventilasie vasgekluister sit?

Die ideale skool het `n plan wat alle betrokkenes inspireer en saamsnoer om die gestelde doelwitte energiek na te streef. Ouers en leerlinge respekteer mekaar en die onderwysers. Gesonde beginsels inspireer almal en spontaan ontwikkel `n mooi gees met gewoontes en waardes in ‘n moderne omgewing. Harmonie heers.

Beginselvaste leierskap hou die skool op koers. `n Gesonde balans tussen dissipline en spontane glimlagte kenmerk die kultuur. Daar word gelag en hard gewerk. Kinders hou van hierdie skool om die regte redes.